MR YACOOB: Now it has not been possible to obtain very

specific instructions in regard to the meeting of 5 August but generally speaking my instructions are that a number of people were very unhappy about the increase in rental announced at that meeting.

COURT: Is it put that this unhappiness was expressed or not?

MR YACOOB: It is put that the unhappiness was expressed.

COURT: Yes. Put that to the witness. -- Not to me, it was not expressed. I do not know if it was expressed to different people or other people.

MR YACOOB: I see. Then my instructions are that you your- (10 self, at that meeting, indicated that you were not particularly happy about this increase in rent? -- That is true.

And my instructions are that you said that you were not happy as well in response to the unhappiness of the people as expressed at that meeting? -- That is true.

Now I want to move on to what happened on 3 September. Now you went outside your house as soon as the report was made to you and I have you recorded as being interpreted as having said that you noticed a "klomp persone" coming towards your house? -- That is so. (20)

Now I would imagine that when you got out of the house this "klomp" of people was far away still?

COURT: You can translate "klomp" with "lot", with "lots of people".

MR YACOOB: With "lot" My Lord?

COURT: A lot of people.

MR YACOOB: A lot of people. -- Not very far.

About how far would you say they were away from you? -- About from where I am standing in the witness stand right up to the main entrance of this building, that is the court (30) building in front.

About fifty metres My Lord?

COURT: Yes, less than fifty metres.

MR YACOOB: What does Your Lordship say?

COURT: I said less than fifty metres but it depends on whether we are speaking of the same main entrance. Where is the main entrance you are referring to? -- I am talking about the main entrance from the corner of the street here when you turn around into the building, that is the entrance facing that direction.

That is the entrance facing west? -- West yes. (10)

That is further Mr YacooB. Well we will determine that at seventy metres roughly.

MR YACOOB: Alright. And I would imagine that when you saw these people you were in a very excited frame of mind? -- That is true.

Because of that excitement it would have been extremely difficult for you to make an assessment or an estimate of the number of people in that lot? -- That is true. I was not in a position to count them.

Yes. Not only were you not in a position to count (20) but I am putting to you that you were not in a position to make a reasonable estimate because you were so excited? -- That is true.

Right. Then you went to the house which is diagonally behind yours and watched, I would imagine, through their kitchen window, is that right? -- That is true.

Now there is actually some sort of wall or structure between your house, between the back of your house and the back of this house in which you were which actually has a gate? -- No there is no structure at all. (30)

COURT: What separates the one yard, the one back yard from



the other back yard? -- A wire fence.

MR YACOOB: A wire fence. And is there a gate in that wire fence? -- Yes there is a gate.

Right. And looking through that kitchen window you actually had to see through the gate towards the front of your house, is that right? -- No the gate is on the side from where I was standing. I could see direct from where I was standing without my eyes having gone to through the gate.

COURT: Could you see over the fence or through the fence? -- This fence is about four feet high so I could see above the(10) top of the fence and even through the fence itself.

MR YACOOB: Right. I can quite understand that you could see people entering the house, you could also see smoke coming out from it, is that right? -- That is so.

But again it will be extremely difficult for you, watching in those circumstances, to make a reasonable estimate of the number of people present? -- That is true.

Are there some outbuildings which obscure your view through that window? Partially obscure? Are there outbuildings which partially obscure your view from that (20) window? -- What kind of building are you talking about?

Alright it does not matter, we will leave that for the moment. But in any event you gave His Lordship yesterday an estimate that there were a thousand people in this lot of people that you saw. Do you remember that? -- That is so.

I would imagine that because of the excitement and because of the difficulty in seeing you would be happy to concede that it could have been much less than a thousand? -- Well I do not know. That is what you put to me.

Yes, do you think that it could have been less than a (30) thousand and that you could have been mistaken in that

estimate? -- I said plus or minus a thousand. I never said it was a thousand.

Yes I understand that. What I am putting to you is could it have been considerably less than a thousand, say three or four hundred? -- Well I do not know. If that is what you put to me that is how you understand it.

But you cannot ....

COURT: Is that what you put to the witness, that the crowd was three hundred to four hundred strong?

MR YACOOB: No I am not putting it to him My Lord, I make (10) that very clear. Now ....

COURT: Well then what is the purpose of the cross-examination?

MR YACOOB: My Lord the purpose of the cross-examination is to test the estimate because a conclusion ....

COURT: Well if it was five hundred or whether it was a thousand, what is the difference? His house was burnt down.

MR YACOOB: As My Lord pleases. Alright now as far as the singing that you, you say you heard people shout out the name of Oliver Thambo, is that right? -- That is so.

Would this have been just a couple of people shouting(20) loudly or what? -- They were shouting loud.

Would it have been just a couple of people shouting? -- I do not know how many of them were shouting.

Did you gain the impression that there were just a few or many? -- The voices were high. It was definitely more than one person and I am not in a position to tell whether they were few or many, those who were shouting.

Is it correct that you heard singing going on at the time when this crowd was at this house but that you do not know what they were singing? -- That is so. (30)

Now you said, if I understood you correctly, that you

thought that AN15(2) and 15(4) were documents which may have somehow been responsible for the troubles which you faced in your constituency?

COURT: Well AN15(2) and AN15(4) are two pamphlets to which you were referred and you will be shown them now. -- Yes I see the documents.

Now it is put to you that you said previously that you thought that these pamphlets were responsible for what happened later? -- Yes that is what I thought.

MR YACOOB: But these are simply pamphlets advertising a (10) meeting are they not? -- That is so.

It is also true that when you were asked, before you were shown the pamphlets, what caused the problems that you experienced yesterday by My Learned Friend you said you did not know? -- It is true, that was the answer to the question by the Prosecutor but even in this case after having seen the two documents put before me I am not saying they were the cause. I am saying, what I am saying is it is possible that it could have been caused by these documents. I am not necessarily saying that they were the cause. (20)

So really you stick to your first answer which is that you do not know what caused the problems? -- That is true, I do not know.

I have no further questions, thank you My Lord.

BEWONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Mhmohajane, u het gesê dat die polisie gaan met slotte na die huise en sluit hulle. Wat bedoel u met die polisie? Is dit die Suid-Afrikaanse Polisie of is dit iets anders wat u bedoel? -- Ek praat van die Administrasieraad se polisiebeamptes.

Hulle is eintlik sekuriteitsbeamptes, is hulle nie? --(30)  
Ja, dit is so.

Bekend as inspekteurs en nie polisie nie? -- Ja, dit is korrek.

In jou gebied self, met uitsettings in jou gebied self, het daar plaasgevind sedert hierdie Raad, die Swart plaaslike besture aan bewind gekom het vir die verkiesing na 29 November 1983 - het daarna enige uitsettings gekom soos jy dit beskryf het hier, die Raad se mense wat mense uitgesit het in jou gebied? -- Nee, dit het nog nie gebeur nie.

En in ander gebiede wat jy persoonlike kennis van dra? -- Kie wat ek van weet nie. (10)

Kan jy vir my sê, het jy gestem vir die aanneme van die begroting en wat dan meegebring het dat daar 'n verhoging in die huur sou kom? -- Ja, ek het saam met hulle gestem.

Afgesien van die feit dat daar 'n verhoging gaan kom op die ou end van R5,90 en R5,50? -- Ja, om eerlik te wees, ek het saam met hulle gestem.

Kan jy vir ons sê hoekom jy saam met die ander raadslede gestem het? Is daar enige rede? -- Wat ek daarby bedoel is, met die stem het die meerderheid my gewen. Met die gevolg, terwyl ek daar was in my teenwoordigheid het die meerder- (20) heid dit aanvaar as 'n lid van die Raad. So, 'n mens kan aanvaar dat ek by was toe dit aanvaar was. Dit is aanvaar deur die Raad ingeslote myself.

HOF: Kan ons net 'n bietjie duidelikheid daaroor kry. Dit klink vir my eienaardig. Hoe kan 'n mens bepaal dat die meerderheid vir 'n voorstel is sonder dat daar 'n stemming plaasvind? -- Ek kan nie meer presies pertinent onthou of daar gestem was vir hierdie begroting of nie, maar wat ek wel van bewus is is dat die meerderheid in die Raad op die betrokke dag dit so aanvaar het. (30)

Tot dusver het ek hier in hierdie hof gehoor dat dit 'n

eenjarige besluit was van die Raad, die begroting. Is dit reg of is dit verkeerd? -- Dit is reg.

Het jy op enige stadium gesê "Ek stem daarteen"? -- Ja, op die stadium toe ek daar opgestaan het en daaroor begin praat het, het hulle vir my gesê dat hulle klaar verby is op daardie punt. Dit is op daardie stadium wat ek hulle bewus daarvan laat word het dat ek teen die begroting was.

U is al lankal in die Raad. U is nie onnosel nie. U weet baie goed dat 'n mens eers 'n bespreking het en dan 'n stemmery oor 'n mosie of 'n voorstel en ek vra u nie oor die (10) bespreking nie, ek vra u oor die stemmery. Het u toe die stemming ter sprake gekom het gesê u stem daarteen? -- Nee, ek kan nie onthou dat ons ooit gepraat het van die stemmery daar nie.

Is daar nooit deur die voorsitter gesê "Nou ja, is ons dit almal eens, sal ons die begroting aanvaar" nie? -- Dit is wat hy gesê het.

En het u toe opgestaan en gesê "Ek is nie daarmee eens nie"? -- Ja, ek het. Ek het opgestaan en vir hulle gesê "Kense, ek is teen hierdie besluit en daardie geld is baie." (20)

Dit is vir my nuus, moet ek vir u sê. Dit is die eerste raadslid wat vir my sê dat daar 'n teenstem was teen die begroting. -- Dit is heeltemal reg. Dit mag wees dat niemand daarvoor gepraat het nie, maar ek is die eerste een. Dalk kom daar nog iemand anders wat dit gaan sê, want ek weet ek is die persoon wat daarteen was.

ASSESSOR (MR. KRÜGEL) : Sal u net kyk asseblief na AN(15) nr. 2. In antwoord op 'n vraag van mnr. Yacoob wat soos volg geformuleer was, was die antwoord "Yes." "These pamphlets simply advertise a meeting." -- Ja. (30)

If you look at the pamphlet I can only judge on the

translation at the back of it. You will find that the last two lines of the wording reads "we have a meeting at Roman Catholic Church Small Farms at 09h00 - 9 a.m. on Monday morning, 3 September 1984." -- Ja, ek kan dit sien.

In this sense it only advertises a meeting? -- That is correct.

Above that we have got twelve lines of resolutions by residents, children, parents and workers at previous meetings? -- Yes, that is correct.

"Meetings against increases of rents, payments of (10) water, electricity and the eviction from houses by the male/female councillors on Monday 3 September." Then the next line reads as follows "No children or workers must go to school or to work on Monday, 3 September 1984"? -- Yes, that is true.

"Just to show that councillors must resign from their positions"? -- Yes, that is so.

There is more there. Why then do you say or why then do you agree that this pamphlet simply advertises a meeting? -- I admit that it advertises a meeting which was to be (20) held and then I further said I thought, that was an afterthought, that these were the reasons why these, the contents, were the cause of the problems which later erupted.

The fact is that there are various other matters except advertising the meeting which are dealt with in the pamphlet? -- That is true.

So, it is not correct to say that the pamphlet is simply advertising a meeting? -- Well, I took it this was a pamphlet advertising a meeting which was to be held at which meeting these other matters are going to be discussed. That is (30) the matters referred to further in the pamphlet.

Mnr. JACOBS : U Edele, die volgende getuie is Esau Chake Mahlatsi. Die getuie sal ook getuienis in die algemeen gee en dan ook oor paragraaf 77 15.4 van die gevalle in die Vaal.

ESAU CHAKE MAHLATSI, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR Mnr. JACOBS : Mnr. Mahlatsi, u is woonagtig waar presies of was u woonagtig op 3 September 1984? -- 13330 Zone 11, Sebokeng.

Dit is in die Vaal Driehoek? -- Ja.

Het jy deelgeneem aan die algemene verkiesing vir die Swart plaaslike besture wat plaasgevind het op 9 November (10) 1983?

EGF : 29 November.

Mnr. JACOBS : 29 November 1983, ekskuus tog. -- Ja, dit is korrek.

En in die verkiesing wat daarop gevolg het, was u verkies as raadslid? -- Ja.

Kan u ook net vir ons sê, is u 'n besigheidsman in die Vaal Driehoek? -- Ja, ek is 'n besigheidsman in die Vaal Driehoek.

In wat se hoedanigheid is u daarso? Wat se besighede (20) het jy daar? -- Ek is die eienaar van 'n slaghuis.

Is jy die alleen eienaar of is dit 'n maatskappy? -- Dit is 'n maatskappy. Ons is verskillende persone wat aandele het in hierdie maatskappy.

Is jy die besturende direkteur van die maatskappy? -- Ek is een van die direkteure.

Kan jy dan vir ons sê watter maatskappy en waar hulle geleë is word beheer deur die maatskappy en wat die naam van die maatskappy is? -- Die naam van die maatskappy is Mahlatsi Holdings (Pty.) Ltd.

(30)

En watter besighede besit hierdie maatskappy dan?

Tabong Butchery.

Waar is die besigheid geleë? -- Zandela.

En Zandela is waar? -- Sasolburg.

Ja? -- Mahlatsi Butchery, Zone 14, Sebokeng. Pahanong Butchery, Zone 11, Sebokeng. Matlahathou Butchery, Zone 7, Sebokeng. Sechaba Supermarket, Zone 7, Sebokeng. Tuxedo Supermarket, Zone 14, Sebokeng.

Voordat jy verkies is tot die Raad, het jy panflette gesien wat daar versprei was in die gebied in die tydperk 1983 en voor 29 November? -- Ja, ek het sulke stukkie (10) papiere daar gesien.

Ek wil hê jy moet kyk na 'n bewysstuk wat reeds hier in is, BEWYSSTUK AM(36). -- Dit is een van die dokumente wat ek van praat wat ek gesien het.

Wat sê die dokument? -- "Do not vote for apartheid."

Kan jy daarvolgens sien watter organisasie daardie dokument uitgegee het? -- Ja, ek kan die UDF stempel sien.

Jy sê die dokument was versprei daar in die gebied daar in die Vaal Driehoek? -- Ja.

Ek wil ook hê jy moet kyk na BEWYSSTUK AN(15) nr. 8. (20) Kan jy vir die Hof sê of jy daardie dokument voorheen gesien het? -- Ja, dieselfde geld vir hierdie een. Ek het dit al vantevore gesien.

HOF : Waar het jy dit gesien? -- Te Sebokeng.

Voor daardie verkiesing? -- Ja.

MNR. JACOBS : Kan jy sien daar op wie is die organisasie wat daardie een uitgee? -- Vaal Civic Association.

Nadat jy verkies is tot die Raad en die ander raadslede nou verkies was op die Raad, kan jy vir die Hof sê, was jy toe verkies as burgemeester van die Lekoa Stadsraad? -- Ja, (30) dit is korrek.



Wanneer is jy verkies? — As ek reg onthou was dit op 1 Desember.

HOF : Van 1983? — Ja.

Het u al vantevore 'n termyn as burgemeester gehad onder die Gemeenskapsraad? — Aan die einde van daardie termyn was ons na verwys as die voorsitters van die Gemeenskapsraad nie as burgemeesters nie.

So, u was voorsitter gewees van die Gemeenskapsraad? — Ja, dit is korrek.

Vir hoeveel termyne al? — Net een termyn. (10)

M.R. JACOBS : In die Lekoa Swart Flaaslike Bestuur, wanneer het dit begin funksioneer toe, wetlik begin funksioneer? — In die jaar 1984. Die 1ste van die jaar 1984.

Dit is 1 Januarie 1984? — Ja.

Nadat die nuwe Raad nou verkies is en jy ook verkies is as burgemeester, het die Raad 'n besluit geneem omtrent die bekendstelling van die Raad en indien so, kan jy net vir die Hof sê wat presies was daardie besluit gewees? — Ja, 'n besluit was geneem deur die Raad dat die Raad as geheel sekere plekke sal moet besoek, met die oog daarop om hulle voor te stel (20) aan die gemeenskap van daardie omgewing.

Het die Raad toe ook besluit op watter datum dit sou gebeur en op watter plekke dit sou gebeur? — Ja, daar was so 'n besluit geneem, alhoewel die datums miskien op 'n stadium verander was, maar daar was so 'n besluit geneem.

Kan jy vir ons kyk na hierdie dokument en sê, is dit 'n uittreksel van die resoluëie oor hierdie beslissing van julle? Met die Hof se verlof sal dit genommer word AAT(13). — Ja, dit is.

HOF : Die dokument dra as opskrif 6.7 "Introductory (30) meetings of the Town Council of Lekoa to residents in the area

of jurisdiction of the Town Council of Lekoa." Dit bestaan uit vyf bladsye. Wat is die datum van die resoluție, mnr. Jacobs? As u nou in die vervolg weer van die goed inhandig moet u asseblief net bo-aan skryf wat die datum is, want dit is nou 'n uittreksel uit 'n hele notule.

Mnr. JACOBS : Ek wil hê u moet kyk daar onder is 'n handtekening en dan verskyn daar ook 'n datum daarnaas. Kan u vir ons verduidelik wat se datum is dit? -- Ek kan nie onthou wat die datum was nie. Dit is die datum wat die resolusies geneem was. (10)

In die resoluție was gevra dat die stadsklerk moes dan briewe geskryf het? -- Ja, dit is so.

Die bladsye wat dan daarna volg wat die Hof genoem het, is daar blykbaar vier briewe. Hulle is gedateer 18 Mei 1984, 27 April 1984, 22 Mei 1984 en 29 Mei 1984. Wat se briewe is dit? Kan jy net vir ons verduidelik? -- Die briewe was gerig aan die Raad se lede by die betrokke plekke wat ons sou besoek het, dat hulle die nodige voorbereidings moes doen vir hierdie doel van ons besoek.

So, die eerste brief wat gedateer is 16 Mei 1984 is (20) gerig aan die raadslede van Sharpeville en Refeng Kgotso? -- Ja, dit is so.

By Sharpeville sou 'n vergadering gewees het op lyk my 20 Mei 1984 en ook dieselfde dag te Refeng Kgotso? -- Ja, dit is reg.

Het julle toe as 'n raad gegaan na hierdie twee plekke toe op 20 Mei en daar 'n vergadering gehou? -- Ja, ons het.

En die vergadering, was dit vooraf geadverteer gewees? -- Ja, dit is korrek.

Op die vergadering wat daar toe gehou was, was al die (30) raadslede toe teenwoordig op hierdie vergadering? -- Nee, ek

sal nie sê dat almal teenwoordig was nie. Daardie mense wat dit kon bywoon, het dit bygewoon en die mense wat dit nie kon bywoon nie, het dit toe nie bygewoon nie.

Het jy toe die raadslede wat daar was voorgestel aan die gehoor daar? -- Nie deur myself nie, maar hulle was voorgestel.

Het jy die gehoor daar toegespreek of daardie twee gehore? -- Ja, ek het.

Wat het jy verduidelik aan die mense? -- Ek het aan die gehoor verduidelik wat dit is wat 'n mens na verwys as 'n dorpsraad. (10)

Wat het jy in daardie opsig verduidelik? -- Ek het aan die mense verduidelik dat dit die tipe Regering is wat beheer uitoefen wat deur die inwoners gekies word om dinge van die inwoners te reguleer. Ek het toe samewerking van die inwoners gevra.

Het u aan die mense verduidelik of daar 'n verskil tussen 'n Dorpsraad en 'n Gemeenskapsraad was? -- Ja, daar was so 'n verduideliking gewees, maar dit was nie sonner so verduidelik nie. Dit was op die tydstip toe die mense vrae gevra het dat daardie verduideliking uitgekom het. (20)

Wat se verduideliking is gegee? -- Wat aan die mense verduidelik was as 'n verskil is die volgende. Voor die bestaan van die Dorpsraad het die Gemeenskapsraad besluite geneem wat hulle self nie kon uitvoer nie, maar wat hulle eers moes gaan ingee het by die Administrasieraad wat dan later stappe sou neem om daardie besluite uit te voer namens die Gemeenskapsraad. Dit was toe vervolgens aan die gemeenskap verduidelik dat die Gemeenskapsraad geen reg gehad het om hulle eie besluite of eie plaaslike bestuurswette te maak nie, terwyl ons as 'n Dorpsraad die volle reg het om dit te doen op ons eie. (30)

Is daar nog iets? -- Wat die derde punt is wat aan hulle

verduidelik was was dat met die Gemeenskapsraad het hulle nrens gepraat van die grond nie. Dit wil sê die besit van grond, terwyl met hierdie Dorpsraad daar melding gemaak word van die besit van grond.

Is dit al of is daar nog? — Wat verder verduidelik was is dat ons dit so aanvaar het en ons glo daaraan dat in die loop van die tyd sal ons dan "freehold" ook kry.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

K183

BSAU CHAKE MAHLATSI, nog onder eed (10)

OPDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mahlatsi, u was besig met hierdie vergaderings, hierdie twee wat op hierdie eerste brief gevolg het te Sharpeville en Refeng Kgotso. Kan jy vir ons sê het jy op daardie vergadering as burgemeester ook vir die mense verduidelik wat u soort van beleid is as die Raad en hoe dat u gaan optree in die toekoms? — Ja, ek het dit verduidelik.

Wat het u verduidelik? — Wat ek aan die mense verduidelik het was, aangesien hulle nou lede van die Raad gekies het vir hulle wyke, alles wat hulle te sê het, wat hulle wil hê (20) die Raad moet van weet, moet na die raadslede toe geneem word dan kan daardie betrokke raadslid dit oorbring na die Raad toe.

Op die ander plekke waaroor die volgende brief gaan, naamlik 29 April by Zandela en dan daarna is dit 'n brief van 22 Mei van 'n vergadering van Zone 13 en 14, Sebokeng, Residensia en Zone 7A en B en dan die laaste een Residensia - dit is ook Residensia, 3 Junie. Blykbaar is daardie vergadering verskuif van 27 Mei na 3 Junie toe. Op hierdie ander plekke waar vergaderings gehou moes word en waar kennisgewings (30) gegee is, het dit net so verloop soos hierdie, het die Raad

daar verskyn en die mense voorgestel? -- Ja, dit was dieselfde  
gevees.

ECF : Is die vergadering in Zone 7A, Sebokeng gehou op 3 Junie  
of is hy aan die einde van Julie gehou? -- Ek kan nie meer so  
goed onthou nie, maar wat ek wel kan sê is, die vergadering  
was gehou gevees by die kantore van Zone 7.

MR. JACOBS : Jy sien, as jy kyk na daardie brief van Zone 7  
wat 3 Junie is en dit vergelyk met jou resoluëie, Sebokeng  
punte 1.6, 1.7 8 Julie en 22 Julie en op hierdie brief van  
29 Mei sê dit dat op 3 Junie is die vergadering gehou. -- (10)  
Dit is korrek. Soos ek alreeds vroeër in my getuënie gesê  
het dat datums verander was.

En is hierdie vergadering toe gehou in hierdie gebied van  
Sebokeng in Junie? -- Ja, dit is so.

Afgesien van hierdie vergaderings om die Raad nou bekend  
te stel aan die inwoners, kan u vir ons sê, het jy in jou eie  
wyk 'n vergadering gehou, 'n verslagvergadering na die verkiesing?  
-- Ja, ek het vergaderings gehou.

Kan jy vir ons sê watter maand dit was ongeveer? -- Dit  
was in Februarie. (20)

Van watter jaar? -- 1984.

Die vergadering, het jy dit vooraf geadvertteer dat jy so  
'n vergadering in jou wyk gaan hou? -- Ja, ek het.

HOE : Vir watter wyk is u verkies? -- Wyk 13.

MR. JACOBS : Dit is Wyk 13, Sebokeng? -- Ja.

Wat was die doel van hierdie vergadering? -- Dit was om  
die mense daar te gaan verwittig hoe die verkiesings verloop  
het. Tweedens was dit om die mense daar te laat verstaan  
dat hulle hulleself moet voorberei op dit wat hulle graag wil  
hê deur die Raad bespreek moet word sodat ons in die vol- (30)  
gende vergadering, dat hulle dit vir my moet gee en dan sal

ek dit oordra aan die Raad.

Nog iets? — Dit is al wat ek eintlik as belangrik beskou het.

Op die vergadering self die dag toe dit gehou was, wat was die opkoms gewees? — Die opkoms was goed, want dit was tussen drie- en vierhonderd gewees.

Wat het jy toe op die vergadering gedoen? — Is dit die vergadering wat ek nou gehou het?

Ja, die verslagvergadering?

EOF : Dit is in Februarie 1984? — Al wat ek daar gesê het (10) was aangaande die twee feite wat ek reeds vir die Hof genoem het.

MKG. JACOBS : Het jy iets gesê omtrent jou opponente, wat miskien vir jou opponent gestem het? — Ja, ek het aan die gehoor gesê aangesien ek nou gekies was met die meerderheid se toestemming, gaan ek nie net daardie klomp verteenwoordig wat my gekies het nie, maar die hele wyk gaan ek verteenwoordig waar dit ook al nodig is.

HCF : Hoeveel teenstaanders het u gehad? — Daar was net een gewees. (20)

Wat was die stemme wat u gekry het en wat het hy gekry? — As ek reg onthou was myne 480 plus. Syne was 150 plus.

MJR. JACOBS : Uit die gehoor, het daar toe reaksie gekom op jou voorstelle en stellings? — Hulle was almal bly gewees.

Het hulle vir jou enigiets gevra of 'n versoek aan jou gerig op daardie stadium? — Nee, daar was geen versoeke gewees nie, want ek het alreeds vir die mense gesê die volgende vergadering is die vergadering waar hulle met versoeke kan kom.

Het jy vir hulle gesê wanneer jou volgende vergadering sal wees dan? — Al wat ek gesê net was dat die vergadering(30) aan die mense bekend gemaak sal word net soos hierdie een, voor

die dag van die vergadering.

Het jy toe 'n tweede vergadering gehou? — Ja, ek het.

Wanneer was dit? — Dit was in Mei maand.

1984? — Ja.

Was dit toe vooraf geadverteer? — Ja.

Op die vergadering self, die mense wat daar teenwoordig was, het jy met hulle enigiets bespreek of meegedeel? — Nee, behalwe dat ek nou al reeds vir die mense voorgesê het dat op ons tweede vergadering sal hulle met versoeke moet kom. Ek het vir die mense gesê hulle kan nou met hulle versoeke kom, (10) wat gedoen moet word in die wyk.

En wat was die reaksie? — Die versoek wat ernstig van die gehoor was aangaande die kliniek in Zone 11.

Wat omtrent 'n kliniek? Wou hulle 'n kliniek gehad het? — Ja, hulle wou gehad het dat daar 'n kliniek gebou word.

HCF : Wou hulle gehad het daar moet 'n kliniek kom? — Hulle wou gehad het dat daar 'n kliniek, dit wil sê 'n gebou, opgerig moet word waarin die mense sal werk as 'n kliniek.

Is Gebied 11 - val wyk 13 onder gebied 11? — Ja, daar is drie wyke daar in Gebied 11. 13 is een van die drie (20) wyke in Gebied 11.

MKE. JACOBS : Dit is nou 'n kliniek vir daardie gebied. Wat nog? — Hulle wou 'n hoërskool ook daar gehad het, senior sekondêre skool.

Wat is die posisie met 'n hoërskool? Verskaf die Raad hoërskole of wat is die posisie? — Dit val onder die Departement van Onderwys en Opleiding.

Het jy aan die mense verduidelik daaromtrent? — Ja, ek het aan die mense verduidelik, maar toe later vir hulle gesê "Eyk, ek gaan 'n versoek rig aan die Raad dat daar 'n erf (30) verskaf moet word vir die oprigting van daardie gebou.

Het jy vir hulle ook gesê omtrent wie gaan die Departement naer vir 'n skool? -- Ja, ek het.

Wat het jy gesê? -- Wat ek aan die mense verduidelik het was dat die Raad eers sal moet besluit of die versoek aanvaarbaar is of nie. Indien dit aanvaar word deur die Raad, sal die Raad 'n brief rig aan die Departement namens die gemeenskap om daardie versoek te rig.

Was hulle tevrede daarmee? -- Ja, hulle was.

Was daar enige verdere versoeke? -- Dit was aangaande die hoofpad tussen Zone 13 en 11. Dat voertuie daar vinnig(10) ry. Ons moet vra of iets doen dat die voertuie nie so vinnig moet beweeg daar nie.

ECF : Moet hulle 'n stopteken insit of iets? -- Hulle het nie pertinent gesê dat ons stoptekens moet laat insit nie, maar hulle het net gesê ons moet 'n plan beraam en iets doen daar-omtrent, dat die voertuie nie so vinnig beweeg nie. Die derde versoek was oor die teer wat opgesit moes word in die strate daar.

MR. JACOBS : Waar moet die teerpaai aangebring word? --  
In Zone 11. (20)

En nog? -- Dit het ek ook genotuleer en vir hulle gesê dat ek dit sal gaan oordra. 'n Ander versoek was dat die Administrasieraad se mense moet ophou of dit 'n bietjie verminder hierdie praktyk van hulle om die mense te arresteer vir sink-plaathuse wat op erwe gebou word.

EOF : Is dit nou ekstra huise of kamers wat aangebou word of nuwe huise op kaal persele? -- Dit is die ekstra vertrekke wat opgerig word op die perseel waar daar 'n huis is.

MR. JACOBS : Het jy daarvoor enige verduideliking vir die mense gegee? -- Ja, wat ek aan hulle gesê het is dat ons (30)  
dit sal moet bespreek met die Administrasieraad se mense om



dit opgelos te kry.

Het jy ook daarvan 'n aantekening gemaak? -- Ja, ek het.

Was daar nog versoeke gewees? -- Nee, daar was geen ander versoeke nie.

Daardie Gebied 11 was hy in die geheel geëlektrifiseer gewees? -- Nee, nie in geheel nie.

Het daar niks gekom omtrent elektriese ligte nie? -- Ja, ek vra om verskoning, dit het my ontgaan. Dit is eintlik 'n versoek wat omtrent elke keer gekom het.

Wat was die versoek? -- Die versoek was dat die huise (10) wat nog nie elektrisiteit het nie, sal ook elektrisiteit moet kry.

Het jy ook hierdie een genotuleer? -- Ja, ek het.

Het jy aan die mense verduidelik dat blykbaar vir party van hierdie projekte sal daar heelwat geld nodig wees? -- Ja, ek het.

Vertel vir ons wat jy verduidelik het? -- Ek het aan die mense verduidelik dat ons eers ondersoek sal moet gaan instel en kyk hoeveel dit gaan kos om hierdie projekte wat hulle versoek aan te pak. (20)

En het u enige verduideliking gegee as julle dit aanpak waar die geld vandaan sal kom? -- Ja, ek het.

Wat het jy gesê? -- Ek het aan hulle gesê daardie dinge sal nie soos die manna wees wat van die hemel af kom nie. Hulle sal verplig wees om daarvoor te betaal.

Wat was die reaksie daarop gewees? -- Hulle het daarop aangedring dat hulle hierdie versoeke wil hê.

Het hulle enige kommentaar gelewer op moontlike verhoging van tariewe om hierdie dinge te finansier? -- Ja, toe ek daarvan gepraat het dat dit nie somer sal kom sonder dat (30) daarvoor betaal word nie, was wat ek eintlik na gemik het dat

hulle moet verstaan dat daar sekere gelde van hulle ingevorder sal moet word.

Wat ek probeer vasstel is, wat was hulle reaksie toe jy gesê het hulle sal daarvoor moet betaal? -- Hulle het net gesê hulle soek die goed van hulle wat hulle gevra het.

Die vergadering, hoe het hy uiteen gegaan? Was daar enige ontevredenheid, enige teenkantige reaksie op die vergadering of nie? -- Die vergadering is normaal uitmekaar. Daar was niks snaaks nie.

Het jy toe hierdie eise van die mense wat jy daar op (10) skrif gestel het - wat het jy daarmee gedoen? -- Dit wat genoem was wat die mense nodig het, het ek neergeskryf en toe geneem na die Dorpsbestuurder van Zone 11, want dit moes in die begroting bereken word, sodat hy aantekeninge daarvan kon maak.

Gaan dit van hom af deur na die Tesourie-afdeling? -- Ja, dit is so.

En die ander raadslede is hulle s'n ook almal by die Dorpsbestuurders ingehandig? -- Ja, dit is wat van hulle verwag word. Dit is op daardie manier wat hierdie vereistes by (20) die tesourie sal uitkom.

As die tesourie dit het, word dit in 'n konsep begroting opgestel? -- Ja, dit is so.

En daarna, as die konsep begroting opgestel is, wat word dan van die begroting? -- Dit word na die Raad toe gebring.

Na die Raad of na die Uitvoerende Komitee of wat is die posisie? -- Nee, na die Executive Committee toe.

Dien jy op daardie Uitvoerende Komitee? -- Ja.

In watter hoedanigheid? -- As 'n voorsitter.

Ek wil hê jy moet kyk na BEWYSSTUK AAT(1). Is dit die (30) konsep begroting wat toe opgestel was ... (Hof kom tussenbei)

**EOF :** Dit is die konsep kapitaal begroting.

**MNR. JACOBS :** Die konsep kapitaal begroting nadat al die raadslede se behoeftes vasgestel was? — Weens die feit dat dit die vereistes bevat wat van my gevra was in my wyk deur my mense, sal ek sê dat dit die begroting is.

Kan jy hom identifiseer as die een wat julle ontvang het daar om te bespreek, die Uitvoerende Komitee? — Ja, dit is korrek.

Wat het gebeur toe julle dit bespreek het? — Toe ons dit bespreek het, het die Dorpstesourie ons toe ingelig hoeveel(10) dit gaan kos om hierdie projekte aan te pak soos genoem in hierdie begroting.

En toe? — Hy het ons ook ingelig hoeveel dit per huis gaan kos om te betaal in daardie hele omgewing van ons om hierdie geld te bekom vir die aanpakking van die projekte.

Wat het toe gebeur? Het julle wysigings aangebring aan die ding of iets uitgelaat? — Ja, ons het.

En daarna, wat het julle toe daarmee gedoen toe julle besluit het om afskalings te doen en wysigings aan te bring om dit te verminder? — Na ons klaar die wysigings aange- (20) bring het, het ons dit deurgevat na die Raad toe. Dit wil sê die hele Raad se vergadering. Die begroting is toe aan die hele Raad verduidelik deur ons wat die wysigings was er wat dit beloop en wat die begroting was voor daardie wysigings, dit wil sê voor die ander goed afgeskaf was wat die bedrag beloop het.

Is dit toe so aanvaar met die wysigings en terugverwys na die Tesourie-departement? — Ja, dit is so aanvaar met die wysigings en toe terugverwys na die Tesourie-afdeling.

Is daar op 'n later stadium toe weer 'n begroting aan (30) julle voorgelê, BEWYSSTUK AAT(2)? — Ja.

Is die begroting uiteindelik aanvaar? — Ja.

Wat was die effek gevees? Sou daar verhoging wees in tariewe? — Ja, dit was aanvaar tot die effek dat daar 'n verhoging nodig gaan wees vir die aanpakking van daardie oorblywende vereistes wat aangepak moet word deur die volle Raad.

En die verhoging sou dit R5,90 vir 'n raadshuis gevees het en R5,50 vir privaat huise? — Ja, dit was eintlik die besluit op die heel einde van die ding.

Dit is wat ek van praat, die uiteinde? — Ek sal u sê hoe-  
kom ek melding daarvan gemaak het. Wat ek wou verduidelik (10)  
het, is. Alvorens ons by hierdie besluit gekom het van die  
R5,50 en R5,90, sou die verhoging oorspronklik R11,00 beloop  
het, as ek reg onthou of R11,00 plus.

Gaan aan? — Weens die feit dat 'n ander bedrag gebruik  
was wat ontvang was van die Administrasieraad ... (Hof kom  
tussenbei)

HOF : Net 'n oomblik. U vertolk Development Board met Admini-  
strasieraad. Administrasieraad se benaming het uitgegaan,  
dit is nou Ontwikkelingsraad. — Ja, ek stem saam.

Goed, kom ons begin weer voor. As gevolg van geld wat (20)  
ontvang is van die? — As gevolg van geld wat ontvang was, het  
ons toe die oorspronklike verhoging waarvan ons reeds geweet  
het verminder na die twee bedrae wat ek alreeds genoem het.

MAR. JACOBS : Was daar toe 'n verdere besluit op 'n stadium  
gevees dat die raadslede sou teruggaan na hulle wyke toe en  
die verhogings verduidelik aan hulle mense op 5 Augustus 1964?  
— Ja, ons het so besluit.

Op 5 Augustus was daar toe so 'n vergadering gehou in die  
gebied waar jy 'n wyk het? — Ja, dit is so.

Die vergadering, het jy alleen in die wyk vergadering (30)  
gehou of was daar meer as een raadslid vir daardie gebied? —

Ek self en twee ander raadslede het bymekaar gekom en hierdie vergadering gehou.

Is dit ook twee ander raadslede van dieselfde gebied, Gebied 11? — Ja, dit is so.

Wie is hulle? — Meshack Mahlatsi en Caesar Motjeane, die een wat gewees het.

Die oorledene? — Ja.

Die vergadering, was dit vooraf geadverteer? — Ja.

En waar is dit gehou? — By die kantore van Zone 11.

Wat se kantore? — Administrasiekantore. (10)

Hoe was die opkoms by die vergadering? — Dit was baie gewees.

Kan jy vir ons 'n aanduiding gee hoeveel mense was daar? — Ek skat dit op ongeveer vyfhonderd.

Op die vergadering het jy gepraat? — Ja, ek het.

En wat het jy toe aan die mense vertel? — Ek het die boodskap aan die gehoor, dit wil sê die gemeenskap, oorgedra soos dit besluit was deur die Raad aangaande hierdie betrokke begroting.

Wat het jy gesê? — Ek het hulle begin vertel van hulle versoeke. (20)

Wat? — Dat van hulle versoeke aanvaar was deur die Raad.

Het jy gesê watter dit is? — Ja, ek het.

Watter? — Die kliniek.

Dat daar 'n kliniek gebou sal word in Zone 11? — Ja, dat die Raad aanvaar het dat daar 'n kliniek gebou moet word by Gebied 11. Asook die aanlê van elektriese krag in verskillende huise wat nog nie krag gehad het nie en die teer van die strate alhoewel dit nie van toepassing is op al die strate nie, maar daar is 'n sekere gedeelte van die strate wat deur die Raad (30) goedgekeur is vir teer. Ek het toe aan die mense verduidelik

hoe word 'n begroting uitgevoer. Ek het verder aan hulle gesê ons is nie die enigste mense in hierdie wyk wat versoeke gehad het nie, maar ook die ander wyke so raadslede het met die versoeke gekom van hulle gemeenskap, waarop ek toe vir hulle gesê het as dit nou bymekaar gebring word in die berekening van hierdie begroting, was dit gevind dat elke persoon, dit wil sê die huurder van 'n huis, sal R11,00 plus moet betaal. Ek het toe aan hulle verduidelik van die geld wat gebruik was wat dan die geld verminder het tot die bedrag van R5,90 en R5,50. Die mense was almal tevrede daar. (10)

Het hulle enigiets gesê? — Behalwe dat hulle gesê het dat dit so gou as moontlik gedoen moet word, het hulle niks verder gesê nie.

Was daar enige mense wat ontevredenheid uitgespreek het oor daardie vergadering? — Niemand het enige woorde gebesig wat aanleiding gegee het dat 'n mens kon aanvaar dat die persoon nie tevrede was nie.

As burgemeester van die Lekoa gebied het jy enigiets voorsien of probeer om die samewerking van mense te kry, onder andere die predikante? — Ja, nie net die predikante nie, (20) ingeslote die huurmotors te Vereeniging en ander liggane.

Ten aansien van die predikante, wat het u daarso voorgestel en wat is gedoen? — Aangaande die predikante het ons twee vergaderings gehou, een te Sharpeville en een te Sebokeng.

Vooraf ten aansien van die een in Sharpeville is daar briewe uitgestuur na al die predikante van sekere gebiede? — Ja, briewe was uitgestuur. Die briewe was nie eintlik gerig aan die predikante nie, maar hulle was gerig aan Church Leaders.

Kyk net na hierdie dokument voor my. Dit is 'n brief van die Lekoa Stadsraad. Die opskrif is "Discussion between (30) church leaders in the Vaal Triangle and the Town Council of

lekoa." Dit is ten aansien van die vergadering in Sharpeville.

— Dit is die brief, ja.

Het die vergadering toe plaasgevind met hierdie mense in Sharpeville? — Ja.

Dit is BEWYSSTUKAAT(14). Op die vergadering, wie het daar opgedaag? Hoeveel predikante? — Ek kan nie meer so goed onthou hoeveel van die predikante die vergadering bygewoon het nie. As my geheue my nie in die steek laat nie, is die syfer tussen 25 en 30 predikante wat die vergadering bygewoon het. (10)

En hoeveel van die raadslede was daar? — Ontrent 10.

Kan jy vir ons sê, beskuldigde nr. 3, Vader Moselane, was hy op die vergadering? — Ja, hy was ook teenwoordig.

HOF : Dit was hierdie vergadering op 16 Augustus 1984? — Dit is reg.

MR. JACOBS : Toe die predikante nou daar teenwoordig is en julle en die raadslede, julle is nou daar vergader, wat het jy aan hulle verduidelik, wat was die doel van die vergadering? — Wat ons versoek het daar was dat daar samewerking moet wees aangaande die "welfare". (20)

Samewerking tussen wie?— Tussen die Raad en die predikante as geheel.

HOF : As u nou praat van "welfare", bedoel u die algemene welstand van die gemeenskap of bedoel u die welsynsdienste in die gemeenskap? — Toe ek die woord "welfare" gebruik het, het ek dit in hierdie sin gebruik, dat daar samewerking moet wees tussen ons en die predikante aangaande die bejaarde persone en die persone wat nie kan bekostig om hulle lewe te laat bevorder nie en dan die derde rede was, ek het daarvan gepraat omdat ek in gedagte gehad het die proefbeampies wat miskien nie daarin slaag om in aanraking te kom met (30)

hierdie persone nie, dat daar samewerking moet wees in daardie sin.

MR. JACOBS : Het jy dit so verduidelik aan die predikante?

— Ja, ek het.

Is daar nog ander aspekte, behalwe die welsyn? — Nog 'n ding wat ek in gedagte gehad het toe ek gepraat het van die samewerking was dat ons moet saamwerk en sien of ons nie 'n "week of goodwill" kon reël of dit kon laat toepas in ons omgewing nie.

Jy sê jy het dit in gedagte gehad. Het jy dit geopper(10) daar op die vergadering? — Ja, ek het dit geopper.

Het jy verduidelik wat jy presies bedoel met 'n "week of goodwill"? — Ja, ek het.

Sê vir ons wat het jy verduidelik? — Ek het dit soos volg verduidelik, as ons ooreenkom tussen ons, dit wil sê die Raad as geheel en die predikante, dat 'n sekere week gekies moet word en in daardie week moet daar net goeie dinge gedoen word.

En hoe sou dit gedoen word? Hoe sou dit gepubliseer word? Kan jy vir ons sê wat het jy verduidelik? — Wat ek in (20) gedagte gehad het was ons sou dit ook gedoen het, dit wil sê om die mense daarvan te laat weet wat moet gebeur en watter week dit is. Dieselfde sou gegeld het vir die kerke om dit aan te kondig in hulle kerke wat dit is, waaroor dit gaan en wanneer dit gehou sou word.

Nog iets? — Nog 'n versoek was aan die kerkleiers dat hulle nie moet toelaat dat hulle kerkgeboue gebruik word deur ander organisasies nie, behalwe verenigings of organisasies wat betrekking het op kerklike dienste.

En as ander organisasies wat nou nie betrekking het (30) op kerklike dienste nie, vergaderings wou hou, het jy enigiets



geneld waar sou hulle dan vergaderings hou? — Ja, ek het dit aan hulle duidelik gemaak dat daar gemeenskapsale is wat oop staan vir almal om te gebruik in die omgewing.

Is daar nog iets of is dit net hierdie drie aspekte? — Dit is al belangrike punte, die drie waarvan ek gepraat het wat daar besprek was of waarom ek daar gepraat het.

Kan jy vir ons sê, het jy 'n agenda gehad vooraf of het jy dit net aan die mense oorgedra? — Ek het nie 'n agenda gehad nie. Ek het net oor daardie aspekte gepraat wat oop was vir almal om oor te praat. (10)

GETUIE STAAN AF.

HOP VERDAAG TOT 9 APRIL 1986.

## **DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### **PUBLISHER:**

*Publisher:*- Historical Papers, The University of the Witwatersrand

*Location:*- Johannesburg

©2009

### **LEGAL NOTICES:**

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### **DOCUMENT DETAILS:**

*Document ID:*- **AK2117-I1-9-59**

*Document Title:*- **Vol 59 p 3055-3109. Witnesses: Mhohajane, Malatsi**